UNIGRO
FINANCIAL SERVICES

1 Oktober 2021

Geagte gewaardeerde kliënt

Na aanleiding van 'n besluit geneem deur die Land Bank om nie die diensvlak-ooreenkoms (DVO) oorgangsperiode met UNIGRO na 30 September 2021 te verleng nie, het ons bewus geword dat UNIGRO kliënte onlangs 'n eensydige kommunikasie van die Land Bank via sms ontvang het. Dit is daarna opgevolg met 'n 12-bladsy brief waarin kliënte instruksie gegee word hoe om vanaf 1 Oktober 2021 op te tree.

UNIGRO kan bevestig dat die Land Bank die DVO getermineer het, maar UNIGRO was nie ingelig oor die inhoud van die kommunikasie uitgereik deur Land Bank aan ons kliënte nie. Ons het egter nou die kommunikasie gesien en wil so gou moontlik sommige van die inhoud verduidelik, wat andersins tot groot verwarring vir alle partye in die toekoms kan lei. Ons het reeds 'n MS Teams vergadering met van ons kliënte gehad, waar ons die terminasie van die Land Bank oorgangstransaksie verduidelik het. Hierdie brief sal na ons kliënte databasis gestuur word. Dit is ook beskikbaar op ons webtuiste, www.afgri.co.za.

**Agtergrond**

Soos u weet deur vorige interaksies met ons, het UNIGRO in terme van 'n DVO met die Land Bank gedeel sedert 2008. Toe die Land Bank likwiditeit uitdagings begin ervaar het, as gevolg van wanbetaling van skuld in 2020, het ons dadelik gesprekke begin om die impak te bepaal wat dit op ons kliënte mag hê. Ons is bewus gemaak dat die Land Bank mettertyd die Land Bank gedeelte van UNIGRO se debiteureboek sal oorneem, sowel as die direkte kliënte verhoudings wat betrekking het op Land Bank finansiering.

Die uiteinde van hierdie uitgebreide gesprekke was dat UNIGRO en die Land Bank 'n oorgangstransaksie aangegaan het, wat drie-maandeliks hersien is. Die eerste ooreenkoms was vanaf einde Desember 2020 tot die einde van Maart 2021, die tweede tot en met die einde Junie 2021, met die laaste ooreenkoms wat 30 September verval. Gegewe die ingewikkelde sake wat opgelos moes word in die oorgangsperiode, het UNIGRO verwag dat die Land Bank die oorgangstransaksie tot einde Desember 2021 sal verleng.

**Land Bank se kommunikasie is onvolledig en potensieel misleidend**

Ons was verbaas toe die Bank Maandag, 20 September 2021, sonder ons medewete, SMS'e aan al ons kliënte gestuur het, waarin hulle ingelig is oor die beëindiging van die DVO, asook dat die Bank kliënte dienste vanaf 1 Ocktober 2021 gaan oorneem.

In die lang opvolg brief deur die Land Bank word kliënte aangesê om, "*As a client of Land Bank, following the transition of the loan, please deposit all future instalments due by you with respect to all your loans into the following bank account with immediate effect including overdue payments where applicable".*

Dit is hierdie instruksie, sowel as verskeie ander stellings in die *"Annexure A: Frequently Asked Questions"* van die brief wat onvolledig en moontlik misleidend kan wees en dus verkeerdelik deur ons kliënte geinterpreteer kan word. Ons wil dus so vinnig moontlik vir u duidelikheid gee in die verband.

**U bly ‘n gewaardeerde UNIGRO kliënt**

UNIGRO gaan voort om ‘n lewensvatbare, multi-befondse finansiële diensverskaffer te wees en het oorspronklike finansiering nie net met die Land Bank nie, maar ook van ander befondsers, sowel as direkte AFGRI fasiliteite. In terme van die oorgangstransaksie wat op 30 September 2021 verval, bly UNIGRO verantwoordelik om tot einde September 2021 maandelikse state uit te stuur, wat verpligtinge van die Land Bank finansiering insluit.

Vanaf die einde Oktober 2021 sal u, as UNIGRO kliënt, steeds maandelikse state van ons ontvang, wat net u verpligtinge teenoor UNIGRO (insluitende UNIGRO, AFGRI Kleinhandel en AFGRI Toerusting) sal toon. Hierdie state sal enige bedrae ten opsigte van Land Bank **uitsluit** (“**UNIGRO state**”).

Op die aandrang van die Land Bank, sal hulle, vanaf 1 Oktober 2021, al die verantwoordelikhede met betrekkingtot die administrasie and invordering self behartig. Die Land Bank het UNIGRO ingelig dat hulle geen verdere hulp of bystand van UNIGRO wat laasgenoemde betref, benodig nie.

Ons beklemtoon, dat enige bedrag wat op ‘n UNIGRO staat reflekteer, wat verskuldig is aan AFGRI/UNIGRO en nie Land Bank nie, **nie aan Land Bank betaal word nie**. Die Land Bank moet u van hul eie state voorsien vanaf 31 Oktober 2021, wat u Land Bank verpligtinge sal reflekteer.

Ons wil dus ons kliënte herinner om hul verpligtinge teenoor UNIGRO in terme van die betalingsoorkeenkoms en voorwarrdes daarin omskryf, na te kom. Voorgenoemde hou nie verband met Land Bank finansiering en verpligtinge waarna die Land Bank se onvolledige kommunikasie verwys nie.

**Ons bevestig ook dat die UNIGRO bankbesonderhede nie verander het nie.**

**Neem asseblief kennis dat ons erken en bevestig dat vanaf 1 Oktober 2021, u ‘n wettige verantwoordelikheid het om u finansiële verpligtinge teenoor die Land Bank na te kom – in hierdie verband was die brief korrek.**

Ons wil ook bevestig dat die res van die aktiwiteite van die AFGRI groep, UNIGRO Finansiële Dienste en UNIGRO Versekeringsmakelaars nie geaffekteer word deur die beëindiging van die DVO met die Land Bank nie en bedrywighede normaal sal voortgaan.

**Deurlopende toegang tot eAccounts**

U sal steeds toegang hê tot die eAccounts platform, insluitende die AFGRI-verwante informasie, graan-berging en maandelikse rekeninge. Ons het aangebied om die Land Bank te ondersteun met die verskaffing van ons volledige reeks dienste en oplossings met betrekking tot die administrasie van die onderskeie lenings, maar hierdie voorstel is nog nie deur die Land Bank aanvaar nie. Ons is in afwagting van die besluit of die Land Bank ons platform steeds wil gebruik om die state aan die kliënte beskikbaar te stel, en of hulle wel in staat sal wees om hulle state teen einde Oktober self aan kliënte te versprei.

UNIGRO
FINANCIAL SERVICES

**Toegang tot ander AFGRI dienste is steeds beskikbaar**

U sal steeds toegang hê tot u maand rekenings om aankope by AFGRI Kleinhandel en Toerusting winkels te befonds. Hierdie betalings word steeds deur die normale kanale gefasiliteer. Dieselfde beginsel is van toepassing op alle huurkoop ooreenkomste aangegaan en die gepaardgaande terugbetalings aan UNIGRO.

**Kontak u verhoudingsbestuurder met enige navrae**

Bly asseblief met u UNIGRO verhoudingsbestuurder in kontak vir enige bystand of vrae ten opsigte van hierdie oorgangsfase.

**Die pad vorentoe**

Ons en die Land Bank is tans besig met oorblywende sake wat nog nie kontraktueel afgehandel is nie en ons sal u inlig op die uitkoms van die onderhandelings.


In terme van alternatiewe befondsing vir UNIGRO neem dit ongelukkig langer as wat oorspronklik antisipeer is, en ons wag tans vir goedkeuring deur die Suid-Afrikaanse Reserwe Bank.

Verskaffing van finansiering aan ons boere is ons eerste prioriteit en ons bly soek na alternatiewe oplossings. Sodra daar enige verder verwikkelinge in verband met laasgenoemde is, sal ons met ons kliënte, net soos in die verlede, kommunikeer.

Laastens, baie dankie vir al u deurlopende bystand, veral in die lig van ons huidige omstandighede. Ons vra ook omverskoning vir die ongerief en verwarring wat die laaste aankondiging van die Land Bank veroorsaak het.

UNIGRO bly toegewyd om ‘n positiewe uitkoms aan u te verseker en om steeds op ‘n gereelde basis, en op ‘n eerlike en deursigtge wyse, met ons kliënte te kommunikeer.

By voorbaat dank,



**Ross Simmonds**
**Besturende Direkteur: UNIGRO Finansiële Dienste**